November 2017

# Stellenberger

## Die nuwe dominee . . .



**Die pre-advieskomitee, verantwoordelik vir die aanstelling van die nuwe gemeenteleraar, het 52 aansoeke en nominasies vir die vakature ontvang. Tydens die eerste rondte van die siftingsproses is die aansoeke na nege kandidate verminder en met die tweede rondte na vier – twee mans en twee vroue.**

Op 7 November word onderhoude met die vier kandidate op die kortlys gevoer. Twee van die aansoekers is van Gauteng en dié onderhoude sal met behulp van SKYPE gevoer word. Die nuwe leraar sal in Desember aangestel word met diensaanvaarding op 1 Januarie en bevestiging in die gemeente op 28 Januarie 2018.

Ons doen 'n beroep op lidmate om in besonder vir die proses te bid, asook vir die lede van die pre-advieskomitee en die kerkraad wat die finale besluit aangaande die aanstelling moet neem.

## Borg-'n-bersie-projek



**Die Jeugbediening hoop om 3 000 kombersе in te samel wat hulle tydens volgende jaar se jeuguitreike onder minderbevoorregte kinders wil versprei.**

"Dit raak bitterlik koud in van die Karoodorpe waarheen ons uitreik," vertel Elana Kellerman, "en die kinders is dikwels karig aangetrek en 'n mens kan nie help om te wonder of hulle snags koud slaap nie."

Jy kan 'n kombersie borg deur 'n koepon ter waarde van R10, R20 of R50 te koop. Gebruik SnapScan as betalingsmetode, of maak 'n EFT-betaling in die Jeugrekening (ABSA, spaarrekening 928 759 2857) en gebruik Bersie as verwysing.

# Ontmoet nog ’n nuwe ouderling vir die jeug



**Matthew Duncan het geen bekendstelling onder die jeug en veral die skoner geslag nodig nie. Dié spreekwoordelike hartedief met die mooi stem is ’n ou bekende by jeugdienste. Op die foto links is Matthew saam met sy meisie, Phylene.**

Matthew is as ouderling vir die jeugbediening verkies en Stellenberger het vir hom ’n paar vrae gevra om meer van dié nuwe generasie ouderling te wete te kom.

**Hoe het jy betrokke geraak by die gemeente?** Ek het in 2009 in my graad 9-skooljaar by die gemeente ingeskakel. Ek en van my vriende het een Sondagmiddag saam krieket gespeel en toe nooi hulle my om die aand saam met hulle kerk toe te gaan. Tydens my graad 10-skooljaar het ek op my eerste uitreik na Prins Albert gegaan en ook in die jeugband begin speel. Die uiteinde was dat ek begin deelneem het aan talle uitreike na verskillende gemeenskappe en ook voltyds by Plofstof ingeskakel het. Ek is die afgelope vier jaar een van Plofstof se leiers.

**“Ouderling” is maar ’n redelik outydse kerkterm. Wat beteken die term vir jou en hoe verstaan jy die nuwe rol?** Die term “ouderling” het vir my geen betekenis nie. Ek sien my inskakeling by die kerkraad wel as ’n geleentheid om die jeug te verteenwoordig, aangesien die jeug ’n belangrike deel van die kerk is. Sonder die jeug het die kerk geen toekoms nie. My vriende geniet dit natuurlik nou om met my gek te skeer en my as “ouderling Duncan” aan te spreek – juis omdat dit vir ons generasie so ’n vreemde begrip is.

**Wat doen jy wanneer jy nie in Plofstof speel en jou ouderlingbaadjie aan het nie?** Ek werk as ’n siviele ingenieur by Nortje & De Villiers, ’n klein ingenieursfirma in die Paarl. Ons fokus hoofsaaklik op die ontwerp van nuwe bouprojekte. In my vrye tyd het ek baie selde nie ’n kitaar in die hand nie.

**Wat is volgens jou Stellenberg-gemeente se sterkpunte?** Stellenberg is ’n kerk met baie verskillende bedieninge, daar is letterlik iets vir almal. Ek sou dan juis sê dit is ons sterkpunt – elkeen sal ’n plekkie vind waar hy/sy inpas of tuis voel. Wat die Jeugbediening betref, waardeer ek die vryheid wat ons toegelaat word binne die eredienste. Ons maak werklik op die leiding van die Heilige Gees staat. Ons fokus daarop om die jeug die geleentheid te bied om God op die wyse wat vir hulle die aanneemlikste is, te ervaar.

**Hoe definieer jy Christenskap?** Christenskap is vir my uit en uit net ’n verhouding met God. Ek hou nie daarvan om Christenskap te oorkompliseer nie – God het ons eerste liefgehad en wat my betref, moet ons net sy voorbeeld volg.

Vervolg op bladsy 3 . . .

Vervolg van bladsy 2

**Het jy grootgeword in 'n huis met Christelike waardes en norme en sal jy jou eie kinders eendag met Christelike waardes en norme opvoed?** My ouers het geskei toe ek ses jaar oud was en my kinderjare was redelik ontwrig, wat tot gevolg gehad het dat alhoewel ek met Christelike waardes grootgeword het, die norme nie altyd vir my so duidelik was nie. Ek sal definitief my eie kinders met Christelike waardes grootmaak. Via my betrokkenheid by die kerk sal my kinders uiteraard ook blootstelling aan die kerk en die kerk se waardes en norme ontvang. Wat vir my belangrik sal wees, is dat my kinders nie net bloot kerk toe sal gaan uit roetine nie, maar omdat hulle 'n lewende verhouding met die Here het. Ek sal hulle graag wil leer om norme krities te beoordeel, en te bepaal wát bevorder 'n mens se geloof en dan daaraan aandag te skenk.

# Ons groet vir Low Bothma

**Ons neem steeds afskeid van personeel – einde September moes ons vir ds. Bremer Gericke groet en aan die einde van November neem ons afskeid van Low Bothma, gemeentebestuurder.**

Low, wat sedert 2012 gemeentebestuurder was, het ook aftreeouderdom bereik en lê op 30 November die tuig neer. Low en Stephnie is sedert 1994 meelewende lidmate van die gemeente en hy was etlike jare lid van die gemeente se getuieniskommissie. In werkverband was hy lank werksaam by SASKO en voor hy by Stellenberg aangesluit het, was hy by die logistieke bestuur van die Graham Power-groep se byeenkomste soos Global Day of Prayer betrokke.

In Stellenberg-gemeente het personeel en lidmate Low in werksverband as 'n toegewyde persoon met 'n fyn oog vir detail en baie ervaring rondom operasionele bestuur, leer ken.



Low is 'n natuurliefhebber en boonop 'n entoesiastiese ereveldwagter. Hy het ook 'n besondere empatie vir die mense om hom en doen onbaatsugtig vrywillige werk onder die mense van die Tankwa-distrik in die Karoo.

Ons wens Low en Stephnie voorspoed toe vir die nuwe fase van hulle lewe, maar die personeel sal Low se geselsies en staaltjies, sy aansteeklike optimisme en deernis met mense, beslis baie mis.

**KERSSANGDIENS**
**Sondag 3 Desember 19:00 Kerk**

# Opruiming van die Kuilsrivier

deur: Estelle Lategan*





**’n Skoonmaakaksie van die Kuilsrivier, tydens Omgewingsweek in September, is deur A-Rocha SA. (www.arocha.org.za), ’n organisasie wat ten doel het om onder andere die 23 km lange Kuilsrivier se ekosisteem te herstel, geïnisieer.**

Die Kuilsrivier is deur A-Rocha SA as een van die mees besoedelde riviere in die Wes-Kaap aangewys. Die watergehalte van die rivier is swak en inheemse visspesies het heeltemal uitgesterf. Hoewel ’n groot gedeelte van die rivier gekanaliseer is en nie vir enige ontspanningsaktiwiteite gebruik word nie, is die gedeelte van die rivier tussen die N1-snelweg en die Glen Garry-kruising ’n potensiële voëlkyker- en stappersparadys.

Elkeen van die vyftig vrywilligers wat twee ure van hul Saterdag opgeoffer het, was verstom oor die pragtige natuurskoon, maar ook onkant gevang deur die afgryslike hoeveelheid rommel wat in en langs die rivier gestrooi lê. Die meerderheid van die rommel het bestaan uit verpakkingsmateriaal van kos- en skoonheidsprodukte, asook speelgoed, klere, skoene, handsakke, rugsakke en inkopiesakke. Talle inkopiesakke vol opgevoude klere was oral begrawe!

Die span het begin dink dat baie goed bedoelde pakkie kos of klere, of selfs ’n ou skooltas of handsak moontlik nie op, of binne-in munisipale dromme geplaas moet word nie aangesien dit net te maklik op die verkeerde plek of in die verkeerde hande beland.

Ten spyte van die min of meer vierhonderd sakke rommel wat verwyder is, is daar nog baie werk vir gewillige hande. Die Munisipalitet is ook betrokke en is tans besig om oor ’n langtermynplan vir die area te besin.

A-Rocha beoog om binnekort weer ’n skoonmaakaksie te loods. Ons sien uit na samewerking van oud en jonk in ons gemeente. Hou die bulletin dop vir inligting rondom die skoonmaakaksie, of kontak my by estellelategan@gmail.com

*Estelle Lategan en haar gesin is lidmate van die gemeente. Sy is ’n natuurliefhebber en het aangebied om namens die gemeente by herwinnings- asook opruimingsprojekte in die omgewing betrokke te raak. Kontak haar gerus indien jy graag hulp wil aanbied.

# Vroue van die Reformasie



**Die name van die groot hervormers soos Luther, Calvyn, Zwingli en Knox is alombekend, maar daar was ook ’n hele aantal ander mense soos, Philip Melanchton in Wittenberg en Martin Bucer in Strasbourg wat ’n belangrike rol in die verspreiding van die Protestantse geloof in die tyd van die Reformasie gespeel het.**

Dit is egter nie so algemeen bekend dat ’n aantal vroue op verskillende plekke in Europa ’n belangrike rol gespeel het om die Reformasie te bevorder nie. In ’n era waarin vroue in die gemeenskap en veral in die Rooms-Katolieke Kerk nie gereken is as leiers nie, het hierdie vroue die nuwe begrip van die Christelike geloof, soos veral deur Luther en Calvyn beskryf is, aangegryp en aktief ondersteun. Kom ons maak nader kennis met ’n paar van hierdie merkwaardige vroue.

Seker die bekendste vrou tydens die Reformasie was Katharina von Bora (1499 – 1552), wat in ’n klooster grootgeword het en aanvanklik ’n non was totdat sy van Luther se aanklagte teen die kerk gehoor het. Sy en elf ander nonne het een aand in 1523 uit die klooster ontsnap en in Wittenberg aangekom. Katharina het eers by die skilder Lucas Cranach en sy gesin gebly totdat Martin Luther haar ’n paar jaar later gevra het om te trou. Sy het die swart klooster in Wittenberg, ’n trougeskenk, as ’n herberg, waar baie van Luther se besoekers tuisgegaan het, ingerig en sodoende ’n tuiste, gekenmerk deur hulle gasvryheid, geskep. Katharina was boonop as’t ware ’n entrepreneur wat studente-akkomodasie gereël het, toegesien dat bier gebrou en na die tuin en vee omgesien word en ook die huishouding se finansies in orde gehou.

Luther het sy vrou bewonder vir haar skerp intellek en ook haar praktiese ingesteldheid. Sy het hom Herr Doktor genoem en hy sou haar dan terg deur haar Herr Käthe te noem.

Argula von Grumbach (1492 – 1568), ’n vrou uit die adelstand in Beiere, het van kleins af ywerig gelees en onder andere die Bybel bestudeer. Sy moes dit tuis doen, want formele opvoeding buite ’n klooster was nie vir jong meisies beskikbaar nie. Sy het na haar huwelik met Friedrich von Grumbach naby Ingolstadt, wat vandag die hoofkantoor van Audi huisves, gewoon.

Vervolg op bladsy 6 . . .

Vervolg vanaf bladsy 5

Op ’n dag het sy gehoor van ’n jong student, Arsacius Seehofer, wat by die teologiese fakulteit in Ingolstadt die standpunte van Luther ondersteun en versprei het, maar dit het glo die rektor en die universiteitsraad teen die bors gestuit en hulle het vir Seehofer in hegtenis geneem en hom gedwing om sy steun vir Luther te laat vaar.

Hierdie saak het Argula von Grumbach aangegryp en sy het ’n brief in Duits aan die universiteitsowerhede geskryf waarin sy gesê het dat sy nie Latyn, die universiteitstaal, ken nie, maar dat die professore wel Duits verstaan. Komende van ’n vrou was dit vir die owerhede ’n bitter pil om te sluk. Sy het hulle uitgedaag om oor die teologiese kwessies en spesifiek die student se saak met haar te debatteer, wat hulle geweier het. Haar brief het egter ’n kitstreffer geword en was een van die mees gedrukte geskrifte van daardie tyd. Vele van haar geskrifte daarna het dieselfde pad geloop en so die boodskap van die Reformasie in Duitsland en na ander lande versprei.

Daar was vele ander vroue, onder andere Katharina Zell in Strasbourg en Marguerite van Navarre, wat op verskillende maniere ook die Reformasie ondersteun het. Al hierdie vroue verdien ook erkenning en respek vir hul bydrae tot die Reformasie.

## Fudge vir die Omgeetrust

**Die Omgeetrust wat verantwoordelik is vir heelwat projekte in minderbevoorregte gemeenskappe, o.a. tehuise vir bejaardes in Ruyterwacht, verskeie sopkombuise en ’n crèche in Prins Albert, ontvang vanjaar ’n soete meevallertjie ten bate van hulle projekte.**

Ds. Callie Visagie, ’n bobaas-fudgemaker, het onderneem om fudge te maak en by vanjaar se Feesmark te verkoop, ten bate van al die Omgeetrust se projekte. Callie vertel dat hy in totaal 202 kooksels fudge gemaak het, wat 8 500 blokkies van dié lekkergoed opgelewer het. Hy het 260 blikkies kondensmelk, 242 kg margarien en 283 kg suiker vir die kokery aangekoop.



“Ek kook die mengels sommer gelyk in twee mikrogolfoonde en ek het panne aangekoop, amper soos beskuitpanne, met ’n drukker waarmee ’n mens die blokkies kan afdruk – dit spaar heelwat tyd in plaas van om die blokke te sny. Ek hoop om konserwatief gereken by ’n omset van R42 000 te draai, met ’n netto wins van R21 000 wat ek dan aan die Omgeetrust kan oorbetaal.”

Bederf jouself hierdie naweek met dié stroopsoet, smelt-in-die-mond lekkernye en ondersteun sommer terselfdertyd ’n hele klomp verdienstelike projekte.

# Die Feesmark ontsnap die wurggreep van die ekonomie

**"Met die aanloop na die Feesmark is ons maar jaarliks bekommerd oor hoe die mark se verkope daarna sal uitsien en of verkope van so 'n aard sal wees dat ons al die onkoste verbonde aan die mark sal kan dek.**

“Die sekuriteitsdiens onder andere beloop meer as R200 000 en die huur van die tente draai by R 315 000. Dit is dus met groot verligting en dankbaarheid dat ons bekend kan maak dat beide die Feesmark en die restaurant 'n algehele styging van 18% in verkope getoon het, sê Marilize Verreyne, Feesmarkorganiseerder.

Marilize sê dat kosprodukte die topverkopers was en dekoritems kort op hulle hakke in die tweede plek. By die restaurant bly afval maar die nommer een verkoper, met pannekoek en roosterkoek as gewilde kompeteerders. Marilize merk ook op dat dit belangrik is vir uitstallers om hulle produkte te vernuwe en by te hou met die nuutste modegiere. Sy sê dat uitstallers wat jaar na jaar dieselfde produkte aanbied, se verkope daal, want klante is maar altyd op soek na iets nuuts en vars.

Adri du Randt, hulporganiseerder, is verantwoordelik vir die uitleg van die mark en sy vertel dat hulle heelwat komplimente ontvang het vir die feit dat die mark se gange vanjaar breër en die algehele vloei gemakliker was. "Die 31 vloerbestuurders, 15 skoonmakers, 20 kassiere en 20 pakkers dra almal by tot die Feesmark se sukses en ons is dankbaar vir elkeen se toewyding en harde werk," sê Adri.

Daar is maar altyd 'n paar groeipyne met die aanbied van elke mark, daarom sal ons volgende jaar weer aan die uitleg skaaf en ook aandag gee aan die Wifi wat vanjaar probleme gegee het. Sommer eersdaags sal ons weer saam met ons getroue Feesmarkkomitee skouer aan die wiel sit om alle haakplekke met die oog op 2018 se Feesmark uit te stryk.





**Redakteur:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies / **Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# 31 Oktober - die begin van 'n nuwe era

deur: Ds. Marius Breytenbach



**Dinsdag 31 Oktober het ons kerkklok vroegoggend weergalm ter viering van die Reformasie. Op dié dag, vyfhonderd jaar gelede in 1517, het Martin Luther 95 stellings van kritiek teen die Rooms Katolieke Kerk aan die aartsbiskop van Mainz in Duitsland gestuur.**

Volgens tradisie was dit die Wittenberg Universiteit se gebruik om sulke kennisgewings aan die plaaslike kerkdeur vas te spyker. Luther se optrede is aangevuur deurdat die pouslike kommissaris, Johann Tetzel, na Duitsland gestuur is om deur die verkoop van aflaatbriewe geld vir die herbou van St. Pieter se Basilika in Rome in te samel. Deur die koop van 'n aflaatbrief het die pous aan gelowiges die versekering gegee dat hulle na hul dood "afslag" op hulle sondestraf kon verwag. Luther se stellings was 'n openlike verset teen die valse beloftes en oppergesag van die pous. Danksy die nuwe tegnologie van die boekdrukkuns het Luther se versetskrif vinnig deur Duitsland en die res van Europa versprei en oral 'n gees van hervorming aangewakker.

Luther se uitgangspunt en beskouinge was op die Bybel gegrond. Daarin het hy die fokus opnuut laat val op getuienis oor God se genade, geloof en Christus. Dit het radikale nuwe perspektiewe oor God by gewone mense aangewakker. 'n Mens moet in gedagte hou dat tot voor die Reformasie die meeste gelowiges nie die Bybel, wat net in Latyn beskikbaar was, kon lees en verstaan nie. Luther se grootste bydrae tot die Reformasie was nie net sy 95 stellings nie, maar sy vertaling van die Bybel uit Grieks in Duits. Dit het 'n nuwe era van vertalings in verskeie volkstale ingelui. Deur Luther se vertaling kon dus verder klem geplaas word op hoe die Bybel gelees en geïnterpreteer behoort te word en het dit 'n algehele ommeswaai in die bestudering van die Bybel tot gevolg gehad. Die Reformasie was allermins net 'n godsdienstige transformasie. Dit het ook gelei tot politieke, intellektuele en kulturele (musiek en kuns) veranderinge, wat die aanbreek van die moderne era gekenmerk het.

Die betekenis van die Reformasie in ons lewe vandag kom neer op die bestaan en funksionering van 'n kerk wat vanuit sy bestudering van die Bybel betekenisvol en gepas toegerus moet wees vir die uitdagings en geleenthede van die tyd en samelewing waarin ons ons bevind. Dié ideaal word sterk verwoord in Stellenberg-gemeente se visie en missie: Jesus ons Verlosser leef, daarom is dit ons strewe om uit te reik oor alle grense. Die missie en visie vind uiting in die werking van die gemeente. Ons sien daarna uit om saam met ons lidmate hierdie reis voort te sit.

# Kersliggieprojek

**Die junior kleingroepe is hard aan die werk om geld in te samel vir die aankoop van Kerspakkies vir kinders van ons gemeente se Delft-kinderbedieningsprogram.**

Die Kersliggieprojek hoop om vir elke kind wat gereeld sop by die Delft-sopkombuis ontvang en inskakel by die weeklikse kinderbedieningsprogram in Delft, 'n Kerspakkie by die jaarsluiting te oorhandig. Die pakkie bevat die volgende items: ’n speelding, lekkers en ’n bietjie skryfbehoeftes/toiletware. Dit kos ons R50 om so 'n Kerspakkie saam te stel.

Bykans R1 000 is reeds ingesamel. Kontantbydraes maak dit moontlik om die pakkies eenvormig te hou en grootmaataankope gee ons ook beter bedingingskrag in die onderhandeling van aankooppryse.




Indien jy of jou gesin jul weg oopsien om vanjaar 'n Kerspakkie vir 'n Delft-maatjie te borg, EFT asb. jou bydrae na die Jeugrekening (ABSA Spaarrekening 928 759 2857 ) en gebruik Kersliggie as verwysing, of betaal jou bydrae by die kerkkantoor in.

# Graad 6’e en 7’s loop in die reuse se spore

**Altesaam 30 graad 6'e en 7's het die naweek van 27 tot 29 Oktober by die Simonsberg-kampterrein, Stellenbosch, deurgebring. "Die aanbieding van die kamp het daarop gefokus om vir kinders wenke rondom die hantering van uitdagings in hulle alledaagse lewe te gee. Die wenke het die kampgangers as't ware aan die voete van bekende geloofreuse in die Bybel geleer.**

Die weer was heerlik en die omgewing waarin die kampterrein geleë is, pragtig. Van die kinders het gesê dat hulle lewenstempo so vinnig is en dat dit vir hulle 'n wonderlike ervaring was om vir een naweek te kon stil word in God se skone natuur.

Die kampterrein is nabygeleë aan die plaas Uitkyk, waar Joubert Conradie onlangs vermoor is. Die kinders het op eie inisiatief intensief gebid vir die geweldsituasie in ons land en die diepte in hulle empatie en begrip vir die omstandighede, het die kampleiers aangegryp.





